| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 50 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees **AL** die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.
2. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
3. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
4. Die vraestel bestaan uit **VIER** afdelings:

   **AFDELING A:** Roman (35)

   **AFDELING B:** Drama (35)

   **AFDELING C:** Kortverhale (35)
   *(Doen TWEE kortverhale [Kies EEN uit 7.1 of 7.2* ***EN*** *EEN uit 7.3 of 7.4] indien jy hierdie afdeling behandel het. Jy móét EEN kortverhaal van 18 punte en EEN kortverhaal van 17 punte doen.)*

   **AFDELING D:** Gedigte (35)
   *(Doen TWEE gedigte [Kies EEN uit 8.1 of 8.2* ***EN*** *EEN uit 8.3 of 8.4] indien jy hierdie afdeling behandel het. Jy móét EEN gedig van 18 punte en EEN gedig van 17 punte doen.)*
5. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommer van die **TWEE** letterkundetekste, wat jy behandel het, aan.
6. Lees die vrae oor hierdie **TWEE** tekste wat jy behandel het en doen die volledige kontekstuele vraag.
7. Beantwoord die vrae uit **TWEE** afdelings wat jy behandel het.
8. Begin **ELKE** afdeling op ’n nuwe bladsy.
9. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
10. Laat ’n reël oop ná elke antwoord.
11. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 75 minute per afdeling/vraag.
12. **BELANGRIK! Dui asseblief die vrae wat gekies is op die buiteblad van die antwoordstel aan deur die vrae te omkring.**
13. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

© SACAI KOPIEREG

## INHOUDSOPGAWE

Kies **TWEE** afdelings.

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs **EEN** vraag.



| VRAAGNOMMER | | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 1 | *Onderwêreld* | 35 | 5 |
| 2 | *Lien se lankstaanskoene* | 35 | 10 |
| 3 | *Die vlerke van naaldekokers* | 35 | 14 |
| 4 | *Skeur* | 35 | 18 |



## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs **EEN** vraag.



| VRAAGNOMMER | | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 5 | *Pad na jou hart* | 35 | 23 |
| 6 | *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 28 |



## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord **TWEE** vrae: 7.1 of 7.2 (18 punte) **EN** 7.3 of 7.4 (17 punte). Jy móét **EEN** kortverhaal van 18 punte en **EEN** kortverhaal van 17 punte doen.



| VRAAGNOMMER | | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 7.1 | *'Die ballade van Robbie de Wee'* | 18 | 33 |
| | **OF** | | |
| 7.2 | *''n Hulpelose Samaritaan'* | 18 | 35 |
| | **EN** | | |
| 7.3 | *'Roep van die vleikuiken'* | 17 | 37 |
| | **OF** | | |
| 7.4 | *'Die vlek'* | 17 | 40 |



## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord **TWEE** gedigte. 8.1 OF 8.2 (18 punte) **EN** 8.3 OF 8.4 (17 punte). Jy móét **EEN** gedig van 18 punte en **EEN** gedig van 17 punte doen.



| VRAAGNOMMER | | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 8.1 | 'Ek het 'n huisie by die see' | 18 | 42 |
| | **OF** | | |
| 8.2 | 'Sproeireën' | 18 | 44 |
| | **EN** | | |
| 8.3 | 'pryslied' | 17 | 46 |
| | **OF** | | |
| 8.4 | 'Wetenskapmannetjies' | 17 | 48 |

## KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| **A: ROMAN** (Konteksvraag) | 1–4 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **B: DRAMA** (Konteksvraag) | 5–6 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **C: KORTVERHALE** (Konteksvraag) | 7.1 of 7.2 **EN** 7.3 of 7.4 | 1 (2 kortverhale) (18 + 17) | |
| **OF** | | | |
| **D: GEDIGTE** (Konteksvraag) | 8.1 of 8.2 **EN** 8.3 of 8.4 | 1 (2 gedigte) (18 + 17) | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy slegs **TWEE** afdelings se vrae beantwoord het.

# AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs **EEN** vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

## VRAAG 1

***ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen***

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

En nou is daar die rumours. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos ’n goor fliek wat jy alreeds gesien het. Hoekom sal dit weer gebeur? En hoekom met Eckardt? Die manier waarop hy na my gekyk het die aand met die Trappers-inisiasie ...

Die geskiedenis herhaal homself. Dis wat mense sê. Hulle sê ook jy is op hierdie aarde om lesse te leer. En as jy dit nie die eerste keer leer nie, kom dit weer oor jou pad. Jy kan dit nie systap soos in ’n rugby game nie.

Ek het nie gehuil toe John dood is nie.

***

Ek probeer so ver as wat moontlik is van die ander ouens af loop. Ons oë vee oor die grond. Kyk op na die boomtakke. Soek vir ’n mens, soek vir ’n tou.

Die dag drup stadig verby. Teen die aand is daar steeds geen teken van Eckardt nie. Van die onderwysers is glo na die omliggende dorpe: Bergville, Winterton en Harrismith. Hulle het in die strate gaan soek.

Moeg stroop ek die aand my klere van my lyf af. Ek bind ’n skoon handdoek om my lyf. Voordat ek by my kamerdeur uitstap, lui my selfoon. Dis my ma. Ons praat oor nonsens, maar iewers in die gesprek hou sy net skielik op met gesels.

“Greg, wat is fout?” vra sy.

“Niks, Ma.”

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| hede | verlede | G-force | G-4ce |
| Ekk-0 | Ekko | Hoërskool Drakensberg | |
| Lawson Kollege | | | |

Hierdie gedeelte speel af in die (1.1.1) ... Hierdie gebeure speel af op die terrein van (1.1.2) ... Greg raak betrokke by kuberkrakery. Eckardt se rekenaarnaam is (1.1.3) ... en Greg se rekenaarnaam is (1.1.4) ... (4)

1.2 Herlees reëls 1 en 2.

1.2.1 Waaraan word Greg herinner deur hierdie gedagtes? (1)

1.2.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie herinneringe is (aangename/onaangename) gedagtes. (1)

1.2.3 "... soos 'n goor fliek"
Watter beeldspraak word hier gebruik? (1)

1.2.4 Verduidelik die betekenis van die beeldspraak in VRAAG 1.2.3. (1)

1.3 "Die manier waarop hy na my gekyk het die aand met die Trappers-inisiasie ... " (Reëls 3 en 4)

1.3.1 Na wie verwys "hy" in reël 3? (1)

1.3.2 Waarom het Greg die inisiasieproses teenoor hierdie persoon gekeer? (1)

1.4 "Dis wat mense sê. Hulle sê ook jy is op hierdie aarde om lesse te leer." (Reëls 5 en 6)

1.4.1 Watter les moes Greg oor die lewe leer? (1)

1.4.2 Hoe verskil die lewensles wat Greg leer van 'n rugbywedstryd? (1)

1.5 "Ek het nie gehuil toe John dood is nie." (Reël 8)

1.5.1 Waarom het Greg nie gehuil toe John dood is nie? (1)

1.5.2 Dink jy dit was reg dat Greg nie gehuil het nie? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 "Die dag drup stadig verby." (Reël 12)

1.6.1 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.6.1) neer.

Die stylfiguur wat ons in hierdie reël kry, is ...

A 'n metafoor.
B polisindeton.
C 'n vergelyking.
D assonansie. (1)

1.6.2 Verduidelik die betekenis van die beeldspraak binne die konteks van die leesstuk se gebeure. (1)

1.7 Herlees reëls 17 tot 20.

1.7.1 Wat kan jy aflei uit die telefoongesprek oor die verhouding tussen Greg en sy ma? (1)

1.7.2 Greg vertel nie vir sy ma die volle waarheid nie. Dink jy dit is reg dat Greg vir sy ma jok? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Maar nou kýk ek, soos ’n mens sal kyk na die gesig van ’n sieke in ’n hospitaalbed. Sonder om ’n oog te knip. Al die jare tussen ons, en ek het hom nog nooit genuinely geken nie. Ek het nooit kon dink hy sou deurmekaar raak met iets so afgrysliks soos wat met die virus gedoen kan word nie.

“Ek weet, Pa …” Dis al wat ek vir hom sê, en ek verwens my eie stem wat nou so dun is.

Hy staan net daar. Sy kakebeen beweeg nog effens en stop dan. Klem saam. Die vel by sy wangbeen maak ’n duikie.

Wat dink hy? wonder ek.

En demmit, ek wil nie, maar ek voel hoe ek begin hartseer word. Ek wil vloek. Maar ek wil ook sê ek is jammer. Ek wil sê: “Pa, hoe kon jy dit doen?” Ek wil my vuiste bal en hom slaan soos ek vir Eckardt geslaan het. Maar somehow doen ek nie een van die dinge nie.

Dis tyd vir grootword.

En terwyl ek so na my pa kyk, sien ek vir die eerste keer hoe hy pynlik oomblik vir oomblik afgetakel word. Sy skouers sak laer. Sy fors houding verkrummel. Skanse breek.

“Wat is die storie van die regter, Pa?”

***

Maar nee, die woorde breek stukkend oor sy lippe. “Ek wou nie hê jy moes weet nie.”

1.8 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Greg vlek ’n hele netwerk van korrupsie by ’n farmaseutiese maatskappy oop.
- Eckardt vlug saam met Tom, die terreinbestuurder.
- Greg verraai die skoolhoof.
- Eckardt onderrig vir Greg in verskillende kraaktegnieke. (4)

1.9 Lees weer die hele uittreksel.

1.9.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

1.9.2 Na wie verwys “ek” in reël 1? (naam en van) (1)

1.10 “Ek het nooit kon dink hy sou deurmekaar raak met iets so afgrysliks soos wat met die virus gedoen kan word nie.” (Reëls 3 tot 5)

1.10.1 Wat was die maatskappy se naam wat betrokke was by die “virus”? (1)

1.10.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Greg se pa se naam in die projek was die (The Butcher / Candlestick-maker). (1)

1.11 Verskeie karakters speel ’n rol in Greg se lewe.

Kies die vriend/kennis van Greg in **KOLOM B** wat pas by die beskrywing in **KOLOM A.** Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Greg se skoolhoof | A | Pete Andersen |
| 1.11.2 | Gee opdrag dat die matrieks na Eckardt soek | B | Thomas Jean |
| 1.11.3 | Verraai vir Greg deur inligting aan die polisie te gee | C | Mark Gibbons |
| 1.11.4 | Greg se broer | D | John Owen |
| | | E | Alec Pienaar |
| | | | (4x1) |

(4)

1.12 “En demmit, ek wil nie, maar ek voel hoe ek begin hartseer word.” (Reël 11)

Hoekom wil Greg nie jammer voel vir sy pa nie? Gee TWEE redes. (2)

1.13 "Dis tyd vir grootword." (Reël 15)

Hierdie sin dui op 'n letterlike en figuurlike groei by Greg. Verduidelik hierdie letterlike en figuurlike groei. (2)

1.14 Het jy simpatie met Greg se pa? Verduidelik waarom jy so sê. (1)

**TOTAAL VRAAG 1: [35]**

## VRAAG 2

### *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS C

Hy krap ongeduldig in die boks rond. Hy soek die kasset met die blou plakkertjie. Sy gunsteling. Glimlag toe hy dit raakvat. Hy druk dit in die videospeler en raap die koffiebeker van die vloer af op sonder om sy oë van die televisieskerm te haal. Hy druk die speelknoppie en lê agteroor in die stoel. Hy vat ’n slukkie koffie. Glimlag.

*Die dogtertjie trap water in die middel van die swembad.*

***

Die pan roereier staan in die middel van die eetblad. Langsaan is ’n hopie halfverbrande roosterbrood en die oopgesnyde blik boontjies in tamatiesous wat hulle gisteraand net halfpad geëet het. Braam trek ’n kroegstoeltjie nader en val gulsig weg.

Hulle ma leun met haar neus teen die venster en staar deur die kantgordyn na die paar liggies onder in die dal wat hulle skrams deur die woonstel se kombuisvenster kan sien.

“Het ons nie ’n wondelike *view* nie?” sug haar ma geel en gelukkig. Oor die CD-spelertjie in die hoek blêr ’n vioolkonsert wat dooie mense in hulle grafte sal laat regop sit.

Lien draai die CD-speler sagter. Haar eetlus is daarmee heen.

Sy maak die yskas oop. Die wyndoos is die *centrepiece.* ’n Stukkie kaas, twee Tupperware-bakkies met iets onbekends in, drie tamaties, ’n halfleë Rama-bakkie en ’n sakkie melk is die somtotaal van die inhoud.

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| voorspel | inleiding | Braam | Sproet |
| gelukkig | ongelukkig | Christien | |
| | Lien | | |

Die titel van reëls 1 tot 6 is ’n (2.1.1) ... Die “hy” in reël 1 se naam is (2.1.2) ... en die dogtertjie in reël 6 se naam is (2.1.3) ... Die familie in hierdie gedeelte voel (2.1.4) ... (4)

2.2 Herlees reëls 1 tot 5.

2.2.1 Wat doen die persoon as hy in die boks “krap”? (1)

2.2.2 Waarom is die gedeelte vanaf reël 6 kursief gedruk? (1)

2.2.3 Motiveer met EEN woord uit die leesstuk waarom die volgende stelling WAAR is.
Die persoon is bly hy het gekry waarna hy gesoek het. (1)

2.3 "Die pan roereier staan in die middel van die eetblad. Langsaan is 'n hopie halfverbrande roosterbrood en die oopgesnyde blik boontjies in tamatiesous ..." (Reëls 7 tot 9)

2.3.1 Wat sê die gesin se aandete vir die leser oor die gesin? (1)

2.3.2 Waarom eet Lien se ma nie saam met die kinders nie? (1)

2.4 Aan die begin van die roman is dit duidelik dat Lien en haar ma graag wil wegkom uit hulle omstandighede.

2.4.1 Gee 'n voorbeeld uit die roman wat bewys dat Lien uit haar omstandighede wil wegkom. (1)

2.4.2 Noem TWEE maniere waarop Lien se ma uit haar omstandighede probeer wegkom. (2)

2.5 Herlees die hele leesstuk.

2.5.1 Dit is duidelik dat Lien se ma 'n probleem het met afhanklikheid. Waaraan is Lien se ma verslaaf? Haal 'n sin aan uit die leesstuk om jou antwoord te motiveer. (2)

2.5.2 Met watter kleur assosieer Lien hierdie afhanklikheid van haar ma? (1)

2.5.3 Wat, dink jy, is die rede vir Lien se ma se afhanklikheid? (1)

2.6 "Oor die CD-spelertjie in die hoek blêr 'n vioolkonsert ..." (Reëls 14 en 15)

Wat sê die tipe musiek waarna Lien se ma luister oor haar? (1)

2.7 Verduidelik die kontras tussen die toneel in reëls 1 tot 6 en die toneel in reëls 7 tot 20? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Sy voel skielik yskoud. Sy voel trane iewers brand. Haar keel trek toe. Sy kyk en sy kyk.

***

Tog is daar iets in sy oë wat sy onthou. Haar rapport in sy hande. Lien, jy gaan nog eendag saam met my in die praktyk werk. Jooste en Jooste. Ernstig, asof hy dit nie sommer net sê nie.

Hulle kyk net vir mekaar, hoe lank weet Lien nie. Dis asof die tyd gaan stilstaan het.

Uiteindelik sê hy: “Ek het baiekeer gedink ek sal jou nooit weer sien nie.”

Lien kan steeds nie ’n woord uitkry nie.

“Gaan dit goed met julle, my kind?”

Sy knik voordat sy besef wat sy doen.

***

“Dinge gebeur. Ek het gedink ek is die slimste en sterkste mens onder die son. Daar was versoekings … Ek was gulsig.” Hy lyk verleë.

“En al die geld wat julle gevat het?”

Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek. Ná ’n ruk sê hy: “Ons het ’n klomp in die buiteland belê, maar dit was ’n flop. Die *scheme* was *dodgy* en ons het baie verloor. Die res het ons uitgegee en die ander moes ons terugbetaal. Jy weet mos …”

Hy bly ’n rukkie stil.

“Ek praat baie met jou. In my kop. Elke dag. Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor ...”

Lien byt op haar onderlip.

2.8 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Lien en Miemie Spies gaan eet by die Wimpy.
- Wouter sê vir Lien sy is nie Lientjie Lieflik by die skool nie.
- Juffrou Breytenbach praat met Lien oor haar huislike omstandighede.
- Meneer Bruwer gee vir die klas ’n opdrag oor hulle beroepskeuse. (4)

2.9 “Sy voel skielik yskoud. Sy voel trane iewers brand. Haar keel trek toe. Sy kyk en sy kyk.” (Reëls 1 en 2)

Verduidelik hoekom Lien só voel? (1)

2.10 Herlees weer die hele leesstuk.

2.10.1 In watter ruimte speel hierdie gedeelte af? (1)

2.10.2 Waarom is Lien in hierdie ruimte? (1)

2.10.3 Noem TWEE veranderinge wat Lien by hierdie persoon raakgesien het. (2)

2.10.4 Vir wie het Lien besoek voordat sy hier gaan kuier het? (1)

2.11 "Gaan dit goed met julle, my kind?" (Reël 11)

Bespreek die ironie van hierdie vraag. (2)

2.12

2.12.1 "Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek." (Reël 16)
Hoekom is hy ongemaklik? (1)

2.12.2 Dink jy dit is goed dat hierdie persoon al Lien se vrae eerlik beantwoord?
Motiveer jou antwoord. (1)

2.13 "Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor ..." (Reëls 21 en 22)

Wat kan jy uit hierdie woorde aflei? (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.14) neer.

Uit die slot van die verhaal kan ons aflei dat Lien haar pa … het.

A bewonder

B vergewe

C gehaat

D verwyt (1)

2.15 Hou die hele roman in gedagte. Hoe sou jy die verhouding tussen Lien en haar pa in die toekoms voorspel? (1)

**TOTAAL VRAAG 2: [35]**

**VRAAG 3**

***DIE VLERKE VAN NAALDEKOKERS* – Cecilia Steyn**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

… druk my styf teen hom vas. Ek asem die pipperment en sigaarreuk in wat aan hom kleef. Vandat ek klein was, was dit die reuk wat my altyd aan hom laat dink het.

"Hoe gaan dit met my meisiekind?" vra hy. Soos altyd lyk Oupa soos 'n held uit 'n tagtigsfliek. In sy hand is die wit fedora wat hy nou net afgehaal het. Oupa trek sy lang, elegante vingers deur sy dik grys kuif. Hy is nog nie naby bles nie, en sy kuif golf oor sy voorkop. Hy laat my aan Richard Gere dink. Agter sy John Lennon-brilletjie met 'n swart raam, kyk donkerbruin oë na my. Sy dun lippe trek op in 'n tevrede glimlag.

***

Dalk kan ek oor hierdie jaar kom as ek vir 'n ruk nie hier is nie. Die ding is net … ek dink nie Ma en Pa sal my laat gaan nie.

"Kyk wie gaan die hoogste!" sê Lee skielik.

Ek knik. Ek en Lee klim na die nag soos die teenoorgestelde kante van 'n pendulum. Op … af … op … af.

OUPA EN LEE is al na hulle gastehuis. Hulle het belowe om môre weer 'n draai te maak om my te kom groet.

Oupa het vir Ma en Pa gevra of ek saam op die road trip mag gaan.

"Onder geen omstandighede nie," was haar antwoord. Sy het eers 'n klomp sinnelose verskonings afgerammel en toe sê sy: "Kylie ry buitendien nie meer in karre nie."

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | |
|---|---|---|
| Potchefstroom | Bloemfontein | Jeffreysbaai |
| Kaapstad | Lee | Charles |
| Dokter du Preez | Du Preez Greyling | |

Kylie en haar gesin bly in (3.1.1) ... Oupa (3.1.2) ... en sy assistent (sy naam), (3.1.3) ..., kom kuier onverwags. Hulle nooi Kylie saam op hulle *road trip* na (3.1.4) .... (4)

3.2 Herlees reëls 1 tot 6.

3.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die verteller in hierdie roman is ’n (eerstepersoons-/derdepersoons-) verteller. (1)

3.2.2 Gee EEN voordeel en EEN nadeel van die soort verteller volgens jou antwoord in VRAAG 3.2.1. (2)

3.3 Oupa het ’n lewensmaat.

3.3.1 Wie is Oupa se lewensmaat? (1)

3.3.2 Waar het Oupa hierdie lewensmaat ontmoet? (1)

3.3.3 Waarom het Oupa se lewensmaat nie saam kom kuier of saam op die *road trip* gegaan nie? (1)

3.4 Oupa gaan kuier by sy dogter. Bespreek die kontras in die verwelkoming wat Oupa kry by Kylie en by Kylie se ma. Albei ontmoetings moet bespreek word. (2)

3.5 Waarom is die verhouding tussen Oupa en Kylie se ma so ingewikkeld? (1)

3.6 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Oupa het die Cadillac gekoop vir die *road trip.* (1)

3.7 Oupa het besluit om sy dogter na ’n Suid-Afrikaanse digter te vernoem.

3.7.1 Na watter bekende Suid-Afrikaanse digter is Kylie se ma vernoem? (1)

3.7.2 Waarom was Kylie se ma so ongelukkig oor die keuse van haar naam? (1)

© SACAI KOPIEREG

3.8 "Kylie ry buitendien nie meer in karre nie." (Reëls 20 en 21)

Waarom, dink jy, wil Kylie glad nie in 'n motor ry nie? (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.9) neer.

Kylie het selfs begin rook ná die motorongeluk, omdat …

A al die ander tieners rook.

B sy haar ouers wou irriteer.

C sy angstig en gefrustreerd voel ná die motorongeluk.

D Issie, haar beste vriendin, nie meer met haar wou vriende wees nie. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

DIE VOLGENDE OGGEND is Lee se gesig sentimeters van myne af. Die son begin opkom oor die baai onder ons.

"Hei," sê ek. Sy oë flikker oop. "Ons het aan die slaap geraak!"

"Jou oupa!" sê hy en voel ...

Na my stort draf ek na Oupa se woonstel toe. In die stort het ek besluit ...

Ek klop eers om seker te maak hy's darem aangetrek.

Hy roep nie sy gebruiklike "Ja?" nie en ek stap binne.

Al wat ek sien, is Lee se vingers op Oupa se pols. "Lee ... wat gaan aan?" vra ek toe Oupa se slap, bleek vingers net roerloos hang. Die aarde voel of dit onder my voete skuif.

"Kylie, bly net daar," sê Lee, maar ek druk verby hom.

"Wat gaan ..." Ek maak nie my sin klaar nie. In Oupa se regterhand is die laken geklem.

***

Die eienares van die gastehuis bring vir ons 'n skinkbord vol eet- en drinkgoed. Onmiddellik is ek weer by die dag van Lieke se roudiens. "Is julle seker julle is oukei?" vra sy. Ek knik eerder voor ek weer begin huil.

"Ons sal bel as ons nog iets benodig," sê Lee. Sy stem formeel. Hoe kan hy so in beheer wees!

"Ek moet seker my ma bel," sê ek vir Lee. "Voor sy dit op die nuus hoor."

"Ek weet nie hoe lank die nuus dat ..."

3.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Kylie en Lee gesels terwyl hulle saam swaai.
- Kylie skryf haar laaste eksamenvak en word geboelie.
- Issie sê vir Kylie sy wil nie meer met haar vriende wees nie.
- Kylie ontdek Lieke se *Leef jou lysie.* (4)

3.11 "DIE VOLGENDE OGGEND is Lee se gesig sentimeters van myne af." (Reël 1)

3.11.1 Waar is Lee en Kylie toe hulle wakker word? Noem die spesifieke ruimte en die dorp. (2)

3.11.2 Verduidelik waarom Lee en Kylie daar was. (1)

3.11.3 Wat het Lee, met 'n skok, besef toe hy wakker word? (1)

3.12 Gedurende die vorige aand erken Lee aan Kylie dat hy 'n geheim met hom saamdra wat hy met niemand kan deel nie.

3.12.1 Wat, dink jy, is die geheim wat Lee met niemand kan deel nie? (1)

3.12.2 Kylie verstaan Lee se probleem baie goed, want sy dra ook 'n geheim saam met haar. Wat is Kylie se geheim? (1)

3.13 "In die stort het ek besluit ..." (Reëls 5 en 6)

3.13.1 Watter belangrike besluit het Kylie in die stort geneem? (1)

3.13.2 Wat is die simboliese betekenis van Kylie se besluit in VRAAG 3.13.1? (1)

3.14 "Al wat ek sien, is Lee se vingers op Oupa se pols." (Reël 9)

3.14.1 Watter skokkende ontdekking maak Kylie toe sy in Oupa se slaapkamer kom? (1)

3.14.2 Waarom, dink jy, het Lee eers in die vullisdromme gekyk voor hy die ambulans gebel het? (1)

3.14.3 Wie het die nuus aan Kylie se ouers oorgedra? (1)

3.13.4 Hoe het Kylie uitgevind van Oupa se beplande genadedood? (1)

3.14.5 Oupa het vir VIER mense briewe geskryf. Noem EEN van die persone (behalwe Lee) wat briewe van Oupa ontvang het. (1)

**TOTAAL VRAAG 3: [35]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 4

## *SKEUR* – Carel van Rooyen

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS G

… die geluid was so hard dat ek haar nie kon hoor nie.

Die dak het nie ingeval nie.

Die geluid het sagter geword en sagter geword totdat dit so stil was dat ek –

"Ek het eers gedink dis my maag," het Yolandi gesê. "Ek is só honger."

Die vierkant, die skoolsaal was nog daar, veilig toegevou in die middel van die gebou se U-vorm. En die wiskundeklas bo die steil trappe waar ek altyd hoogtevrees kry en wat uitkyk op die straat waar daar nooit iets gebeur nie, dit was nog daar.

Een vir een het ons regop gekom, vaal verskrik, maar verleë. Hoekom? Omdat ons almal oorreageer het; gewys het ons is bang.

***

"Sesuur is vroeg vir 'n partytjie," sê Ma, waarskynlik net om iets te sê.

"Hoe vroeër dit begin, hoe langer is dit," sê ek. Dis wat Aisha gesê het, onthou ek.

Ek sit die radio aan.

"Our modern infrastructure is extremely vulnerable to any surface-level instability, rendering the shifts virtually unsurvivable. We must also remember –"

"Verander die stasie," sê Ma.

*You got the doctor's eyes*
*You got the deepest lies*

"Ek het geweet hulle bly nie in die dorp nie, maar ek het nie geweet hulle bly anderkant die brug nie," sê Ma. Is jy seker ons is op die regte pad?"

Ek kyk op die kaart op my foon. "Dit is die location wat …"

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Luan | Trevor | vulkane | aardbewings | ses |
| agt | meneer Voster | meneer Viljoen | | |

Maria en die mense in haar lewe moet sin maak van die gerugte van (4.1.1) ... Maria word genooi om die Vrydagaand by (4.1.2) ... deur te bring. Maria is een van (4.1.3) ... mense by die partytjie. Maria vertrou een van haar onderwysers, (4.1.4) ..., en sien hom as 'n tipe vaderfiguur. (4)

4.2 Herlees reëls 1 tot 12.

4.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die roman *Skeur* is die tydsverloop (chronologies/achronologies). (1)

4.2.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 4.2.1. (1)

4.2.3 Op watter dag speel die gebeure in reëls 1 tot 12 af? (1)

4.3 "Die geluid het sagter geword en sagter geword totdat dit so stil was …" (Reël 3)

Watter stylfiguur word gebruik om die kontras tussen die oorverdowende klank van die aardbewing en die stilte uit te beeld?
Hoekom is die gebruik van hierdie stylfiguur so effektief? (2)

4.4 "Ek het eers gedink dis my maag," het Yolandi gesê. "Ek is só honger." (Reëls 5 en 6)

Later in die roman lees ons weer van iemand wat, op 'n baie ongeleë tyd, dink aan kos. Wie was dit en waarvoor was die persoon lus? (2)

4.5 "Omdat ons almal oorreageer het; gewys het ons is bang." (Reël 12)

Dink jy die leerlinge het werklik oorreageer? Motiveer jou antwoord. (1)

4.6 "Sesuur is vroeg vir 'n partytjie," sê Ma, waarskynlik net om iets te sê." (Reël 13)

Maria se pa is oorlede. Waaraan is hy oorlede en hoe oud was hy toe hy gesterf het? (2)

4.7 "Dis wat Aisha gesê het, onthou ek." (Reëls 14 en 15)

Later in die roman speel Aisha 'n belangrike rol in Maria se lewe en oorlewing. Verduidelik. (1)

4.8 Waarom, dink jy, is Maria se ma bekommerd omdat Luan anderkant die brug woon? (1)

4.9 Maria se ma reël om haar 10 uur weer te kom oplaai. Waarheen gaan hulle as gesin dan? (1)

4.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.10) neer.

Die partytjie wat beplan word en die gebeure by die partytjie pas by die tema van … wat in die roman voorkom.

A geweld

B oorlewing

C vriendskap

D verhouding tussen mens en natuur (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

“Tot hier?”

“Nog vyf meter.”

Narissa en Elsa kom terug.

“Is daar niks meer in die yskas oor nie?” vra Elsa.

“Nee. Net die sakkie ertjies wat Evert teen sy gesig gedruk het.”

“Hoekom is daar nie meer kos in die huis nie?” vra Elsa.

“Gewoonlik kry ek McDonald’s ná skool,” sê Luan.

Narissa gaan sit. In die lig van haar selfoon sit sy eye shadow aan.

“Wat maak jy?” vra Elsa.

“Ek wil nie lelik wees wanneer ek dood is nie.”

“Dis seker vir Luan,” sê ek, voordat ek myself kan keer. Ek kan hoor hoe katterig dit klink. Dis nie hoe ek is nie, maar blykbaar is dit.

“Ten minste is hy so oud soos ek,” sê Narissa.

Ek draai om en loop weg.

Ek voel leeg en lelik; ek voel vol daarvan.

Luan kom by die huis uit met iets in sy arms, toegedraai in ’n kombers.

***

Dis glad en klam en intiem,

“Is jy seker jy weet waar ons is?” vra ek.

> “Ek ken elke boom, sê Luan. Ek het altyd hier kom rondloop as ek vir my pa weggekruip het.”
>
> “Hoeko- ...” begin ek vra, maar ek wil nie regtig weet nie, ek wil regtig nie weet nie, ek weet klaar te veel.
>
> “Dis nie so erg nie,” sê Luan. “Hy is net onder stres by die werk.”
>
> Ek buk om ’n stokkie uit my pantoffel te skud.

4.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Luan verklaar sy liefde aan Maria.
- Luan erken aan Maria dat hy bang is.
- Nadia trek Maria se skoene aan omdat dit vir haar mooi is.
- Maria en haar maats luister na musiek en eet pizza. (4)

4.12 Maria weet nie meer wie om te vertrou nie. Watter plan maak sy om te bepaal wie sy kan vertrou? (1)

4.13 “Tot hier?”
“Nog vyf meter.” (Reëls 1 en 2)

4.13.1 Wie beskou homself as die leier van die groep? (1)

4.13.2 Motiveer waarom die persoon in VRAAG 4.13.1 homself as groepleier beskou? (1)

4.14 “Gewoonlik kry ek McDonald’s ná skool,” sê Luan.” (Reël 7)

Watter afleiding kan die leser maak oor die feit dat Luan gewoonlik McDonald’s eet in plaas van ’n tuisgemaakte maaltyd? (1)

4.15 Hoe sou jy Narissa se karakter beskryf na aanleiding van haar opmerking in reël 10 waar sy sê: “Ek wil nie lelik wees wanneer ek dood is nie.” (1)

4.16 Wat insinueer Narissa wanneer sy vir Maria sê: “Ten minste is hy so oud soos ek.”? (Reël 13) (1)

4.17 “Luan kom by die huis uit met iets in sy arms, toegedraai in ’n kombers.” (Reëls 16 en 17)

4.17.1 Wat het Luan uit die huis gebring? (1)

4.17.2 Hoekom, dink jy, het Luan juis dié artikel in VRAAG 4.17.1 uit die huis verwyder? (1)

4.17.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.17.3) neer.

Toe Maria die eerste keer die artikel in die huis gesien het, het sy gevoel die artikel beeld ... uit.

A vreugde

B gasvryheid

C opgewondenheid

D vasgevangenheid (1)

4.18 Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenisse van die titel. (2)

4.19 "Ek het altyd hier kom rondloop as ek vir my pa weggekruip het." (Reëls 19 en 20)

4.19.1 Watter tema kom hier na vore? (1)

4.19.2 Waarom, dink jy, regverdig Luan sy pa se gedrag? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL VRAAG 4: [35]**

**TOTAAL AFDELING A: [35]**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs **EEN** vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5**

***PAD NA JOU HART – 'n Rolprentdrama* – Ivan Botha en Donnalee Roberts**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

*Dit is oggend. 'n Man, BASSON VAN RENSBURG JR., spreek 'n groep sakelui in 'n raadsaal toe. Hy sukkel om homself bo die geraas van die fabriek hoorbaar te maak.*

1. BASSON JR.: Dit is die spier in die menslike liggaam wat die hardste werk … *(Stem dreun deur die fabriek):* Met die vermoë om aan te hou klop buite die liggaam.

*BASSON JR. kyk oor die fabriek uit.*

2. BASSON JR. *(kil uitdrukking):* 'n Masjien. *(Die kakofonie van fabrieksgeluide beklemtoon sy toespraak.)* Menere, ek waarborg julle 'n 14,8%-groei in ons profyt in die eerste jaar.

*Die sakelui se reaksie wissel.*

***

BINNEKANT – ONBEKENDE VERTREK: 'n Man sit in 'n donker, vuil vertrek. Dit is aand. Die man lees 'n brief. Hy laat sak die brief en staar intens na 'n *Rapport* met 'n foto van BASSON JR. op die voorblad. Hy speel met 'n pistool.

***

*Hy haal weer die antieke kompas uit sy sak, kyk vir oulaas daarna en sit dit langs die foto op BASSON JR. se lessenaar neer. Hy haal moeilik asem en klem vir 'n oomblik aan sy bors. Hy haal weer diep asem, in en uit, in en uit. Hy ruk homself reg en stap dan stadig uit by die kantoor en klim in die hysbak.*

BINNEKANT – SKOOLSAAL: Dit is aand. BASSON JR. stap die skoolsaal binne. 'n Groot banier hang in die skoolsaal …

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| achronologies | chronologies | vyf | agt |
| reis | rede vir die ultimatum | matriekreünie | |
| dans in die woonstel | | | |

Die drama, *Pad na jou hart*, speel af in die hedendaagse era. Die drama is verdeel in drie dele wat (5.1.1) ... op mekaar volg. Die eerste gedeelte handel oor die (5.1.2) ... en die tweede gedeelte oor die (5.1.3) ... Die vertelde tyd (sonder die voorafgedeelte en die nadraai) strek oor (5.1.4) ... dae. (4)

5.2 Die titel van die rolprentdrama, *Pad na jou hart*, het 'n metaforiese en ook 'n werklike betekenis. Verduidelik die metaforiese en werklike betekenis van die titel. (2)

5.3 "Basson junior *(kil uitdrukking):* 'n Masjien." (Reël 8)

5.3.1 Wat wou Basson junior verander by die maatskappy? (1)

5.3.2 Haal EEN sin uit die leesstuk aan wat vir ons duidelik aandui dat almal nie gedink het Basson junior se plan is 'n goeie plan nie? (1)

5.3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Basson sr. het (saamgestem / nie saamgestem nie) dat Basson junior se plan suksesvol gaan wees. (1)

5.4 "Die man lees 'n brief." (Reël 13)

5.4.1 Wie is "die man" in reël 13? (1)

5.4.2 Watter brief lees die man en watter invloed het hierdie brief op die verloop van die drama? (2)

5.4.3 Wat is die verbintenis tussen Amory en hierdie man? (1)

5.4.4 Waarom, dink jy, is daar 'n berig in die *Rapport* van Basson junior? (1)

5.5

5.5.1 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.5.1) neer.

"Hy speel met 'n pistool." (Reëls 14 en 15)
Hierdie sin dui op … in die drama.

A simboliek

B innerlike konflik

C uiterlike konflik

D intertekstualiteit (1)

5.5.2 Waarom, dink jy, het hierdie man 'n pistool? (1)

5.6 "*Hy haal weer die antieke kompas uit sy sak, kyk vir oulaas daarna en sit dit langs die foto op Basson junior se lessenaar neer.*" (Reëls 16 en 17)

5.6.1 Wie is op die foto op Basson junior se lessenaar? (1)

5.6.2 Bespreek die simboliese betekenis van die "kompas". (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

517. AMORY *(skud vir BASSON wakker):* Basson ... Basson! Jy moet vandag in die Kaap kom.

*BASSON skrik wakker en besef dat hulle vinnig aan die gang moet kom: ...*

***

530. HEIN *(lag soos 'n besetene):* Sweet. Hy weet regtig nie. Jy is goed, meisiekind*. (Mik met die pistool na BASSON se voorkop.)* Jy! Jý is die deal, boetie.

*Amory is stil en haal swaar asem.*

531. HEIN: Jou pappa het haar betáál om seker te maak dat jy veilig in die Kaap kom.

532. AMORY *(skud haar kop in ongeloof):* Hoe weet jy?

*HEIN ruk die brief uit sy baadjie en swaai dit na AMORY.*

***

© SACAI KOPIEREG

*DAWN steeds met die pistool op HEIN gerig, spring agter die stuurwiel in en begin ry. Hy hou langs HEIN se motorfiets stil en skiet 'n gat in die band. Hulle jaag weg na Kaapstad.*

BINNEKANT – KERKKAPEL – KAAPSTAD: Nie almal het al vir die diens opgedaag nie. ANDRÉ probeer vir BASSON bel, maar daar is geen antwoord nie. Hy kyk op sy horlosie. BASIE, PIETIE en HENDRIK kom ingestap en groet vir ANDRÉ. ANDRÉ kyk weer op sy horlosie en skud teleurgesteld sy kop. BASSON is nog nie hier nie. Hy gaan neem sy sitplek in en wys vir die dominee om met die diens te begin. BASIE snuit sy neus met 'n sneesdoekie terwyl trane by sy gesig afstroom. THOMAS en MATRONE se trane lê ook vlak.

5.7 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Amory en Basson besoek die Van Rensburg-boerdery.
- Amory en Basson kamp by die Vanderkloof-dam.
- Amory en Basson besoek die Maanligfees.
- Amory en Basson hou piekniek in Wildernis. (4)

5.8 "Basson ... Basson! Jy moet vandag in die Kaap kom." (Reëls 1 en 2)

5.8.1 Watter vereiste het Basson junior se pa aan hom gestel voordat hy die besigheid kon kry? (1)

5.8.2 Wat sou gebeur as Basson junior nie betyds in Kaapstad opdaag nie? (1)

5.9 "HEIN *(lag soos 'n besetene)*." (Reël 5)

5.9.1 Waarom lag Hein "soos 'n besetene"? (1)

5.9.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die beeldspraak wat in reël 5 gebruik word, is 'n (metafoor/vergelyking). (1)

5.10 *"Amory is stil en haal swaar asem."* (Reël 8)

5.10.1 Amory haal swaar asem. Hoekom haal sy swaar asem? (1)

5.10.2 Wat is die "deal" waarvan Hein praat? (1)

5.11 Verskeie ontmoetings op sy pad het uiteindelik vir Basson junior die pad na sy hart aangedui.

Kies die vriend/kennis van Basson junior in **KOLOM B** wat pas by die beskrywing in **KOLOM A.** Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.11.1 tot 5.11.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.11.1 Basson sr. se broer | A Jannes |
| 5.11.2 Skoolvriend van Basson junior | B Thomas |
| 5.11.3 Basson sr. se universiteitsvriend | C Janneman |
| 5.11.4 Basson junior se neef | D Basie |
| | E Hendrik |

(4x1)(4)

5.12 Die ruimte waarin Basson junior en Amory hulle deurgaans bevind, skep ’n ... atmosfeer. (1)

5.13 “ANDRÉ kyk weer op sy horlosie en skud teleurgesteld sy kop.” (Reëls 19 en 20)

Hoekom, dink jy, was André teleurgesteld? Dink jy André het rede om teleurgesteld te wees? Motiveer jou antwoord. (2)

**TOTAAL VRAAG 5: [35]**

© SACAI KOPIEREG 

**VRAAG 6**

***FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

FIELA: (*staan op en gaan na die ander in die kombuis*): Dawid, kry reg jou voete, jy moet dorp toe. Tollie, breek dunhout en pak ’n buitevuur aan vir Ma. Emma, maak kleinvuur in die huis en hang vir ons kos oor. Kittie, loop haal die blik met die naaldgoed. (*Hulle staar haar verskrik aan.*) Benjamin gaan Knysna toe. (SELLING *sit sy hand op* BENJAMIN *se kop*.) Dit kan nie anders nie. Ek het oral gedink en ek kry nie ’n ander pad nie. Maar Saterdag sal hulle hom terugbring, sê ek vir julle. Hoor jy my, Benjamin? Saterdag sal hulle jou terugbring en die Here help hulle as hulle ooit weer hulle pote op hierdie werf sit! Ma stuur jou saam sodat die magistraat en die bosvrou jou kan bekyk en klaar kyk. En Ma belowe jou, jy sal nie nodig hê om jou kop anderkant daardie berg te laat sak omdat jy as ’n Komoetie ingeskryf staan in die Goewerment se boek nie. Dawid gaan kortpad vat oor Jan Koles se kop dorp toe met die skaapvelle en ’n paar karwatse, en hy gaan vir *mister* Pace sê hy moet vir my daarvoor vir jou ’n mooie hemp en ’n paar winkelskoene stuur. Selling, trek af die kind se voet op ’n stukkie vel. Tollie, maak die vuur. Kittie, bring die naaldgoed, daar’s ’n ...

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | |
|---|---|---|
| Bos | Lange Kloof | Van Rooyen |
| Komoetie | 17 | 15 |
| eksposisiegedeelte | | motoriese moment |

Hierdie uittreksel uit die drama, *Fiela se kind,* speel af in die (6.1.1) ... waar die (6.1.2) ...-gesin bly. Die besoek van die sensusopnemers kan as die (6.1.3) ... van die drama beskou word. Die vertelde tyd van die drama strek oor ’n tydperk van (6.1.4) ... jaar. (4)

© SACAI KOPIEREG

6.2 Wanneer die sensuopnemers opdaag op die plaas, word verskeie sake vir ons duidelik.

6.2.1 Hoe kan die gehoor aflei dat die sensusopnemers neersien op Fiela? Noem TWEE feite. (2)

6.2.2 Fiela het wel probeer om die kind wat voor haar deur gelos is, aan te meld. Wat het Fiela alles gedoen? (1)

6.2.3 Verduidelik waarom die sensusopnemers so intens in Benjamin belangstel? (1)

6.2.4 Hoe oud was Benjamin toe die sensusopnemers op die plaas aangekom het? (1)

6.3 "Dawid, kry reg jou voete, jy moet dorp toe." (Reëls 1 en 2)

Wat bedoel Fiela met hierdie woorde? (1)

6.4 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Die sensusmanne het toegelaat dat Fiela saam met Benjamin dorp toe gaan. (1)

6.5 "Dit kan nie anders nie. Ek het oral gedink en ek kry nie 'n ander pad nie." (Reëls 6 en 7)

6.5.1 Watter TWEE beloftes maak Fiela terwyl sy vir Benjamin gereed maak vir die dorp? (2)

6.5.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Fiela het vir Benjamin (gevoer/gebad) sodat hy netjies lyk as hy in die magistraat se kantoor is. (1)

6.6 Kies die karakter uit **KOLOM B** wat by die inligting in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.6.1 tot 6.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.6.1 | Een van die Van Rooyen-broers | A | Dawid |
| 6.6.2 | Een van Fiela se seuns | B | Martiens |
| 6.6.3 | Die Boswagter | C | Armstrong |
| 6.6.4 | Help soek na die kind wat in die bos weggeraak het | D | Kapp |
| | | E | Kristoffel |

(4x1)(4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

MAGISTRAAT: Die kind is by sy regte ouers. Wat hy die dag toe hy weggeraak het, aanhad, kan geen verskil maak nie. Jy kan hom enigiets staan en ...

***

FIELA: … baas, maar ek sal nie vir baas lieg nie. Ek sal op die Grootboek sweer. Ek vra baas net hierdie een guns: laat roep die bosvrou en laat haar kom sê.

MAGISTRAAT: Dis genoeg. Jy kan besluit of jy self gaan loop en of ek die konstabel moet roep.

FIELA: Here, baas, jy kan my nie wegjaag nie.

MAGISTRAAT: Konstabel!

FIELA (*op band*): Seil, Fiela, seil. (*Gewone spraak*.) Asseblief, weledele heer, ek sal loop, ek wou nie kom moeilikheid maak het nie. (*Loop agteruit*.) Ek sal loop, baas – ek loop. Sê my dan net waar die kind is, baas. Sê my net wie die mense is by wie hy is.

MAGISTRAAT: Ek verbied jou om naby die kind te kom! Ek sal vandag nog aan die magistraat op Uniondale skryf om jou te laat dophou, en om stappe teen jou te neem as jy enige moeilikheid veroorsaak.

*Ligte begin uitdoof.*

FIELA (*op band*): Eerste het die woorde my getref, toe wat dit beteken, en toe die skrik en die verslaentheid en die magteloosheid.

***

BARTA (*die woorde skeur uit haar*): Ek het die verkeerde kind gevat, Elias. Ek het iemand anders se kind gevat.

6.7 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Fiela voel asof sy Benjamin aan die dood afgestaan het.
- Kittie skryf ’n brief vir Benjamin wat Fiela en Selling dikteer.
- Fiela bid dat Benjamin moet aanhou speel met sy skuitjie.
- Benjamin word beskryf as ’n kind wat nie daarvan hou om agter te draf nie. (4)

6.8 Alhoewel daar lang gedeeltes in die drama is waar Fiela op die agtergrond is, bly die band tussen Fiela en Benjamin/Lukas voortbestaan.

Hoe sluit hulle verhouding by die titel van die drama aan? (1)

6.9 "Ek vra baas net hierdie een guns: laat roep die bosvrou en laat haar kom sê." (Reëls 5 en 6)

6.9.1 Dink jy hierdie versoek van Fiela aan die magistraat is regverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

6.9.2 "Seil, Fiela, seil." (Reël 11)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die beeldspraak wat in reël 11 gebruik word, is ’n (metafoor/ vergelyking). (1)

6.10 Bespreek die ironiese kontras wat uitgebeeld word in die twee ruimtes (Bos en Lange Kloof) en hulle inwoners.

Jy moet in jou antwoord na albei ruimtes en hulle inwoners verwys. (2)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.11) neer.

Barta het geweet dat sy die seuntjie met die blou hempie moet kies, want ...

A Lange het Barta in die oë gekyk.

B Dikke het in Barta se nek gefluister.

C Lange het in Barta se nek gefluister.

D Dikke het vir haar ’n handgebaar gegee. (1)

6.12 Kittie skryf vir Benjamin in ’n brief die volgende woorde van Fiela: "... solank jou kop nie sak nie, sak jou hart ook nie."

Later gebruik Benjamin/Lukas ook hierdie woorde as hy met Nina praat.

6.12.1 Wat bedoel Fiela en Benjamin met hierdie woorde? (1)

6.12.2 Glo jy dat dit goeie raad vir Nina in haar situasie is? Motiveer jou antwoord. (1)

6.13 Benjamin/Lukas word as buitestander in die drama uitgebeeld.

Watter boodskap, volgens jou, probeer die dramaturg oordra oor mense wat dalk as buitestanders gesien word? (1)

6.14 Barta het in die hof ’n leuen oor Lukas se identiteit vertel.

6.14.1 Hoe het hierdie leuen liggaamlik vir Barta geaffekteer? (1)

6.14.2 Watter les leer jy, uit Barta se lewe, oor leuens? (1)

6.14.3 Watter tema word deur hierdie gebeure uitgebeeld? (1)

6.15 Hoe het Lukas se verblyf in Knysna hom weer aan sy familie in die Lange Kloof verbind? (1)

**TOTAAL VRAAG 6: [35]**

## TOTAAL AFDELING B: [35]

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord **TWEE** kortverhale uit hierdie afdeling indien jy kortverhale behandel het.

**VRAAG 7**

***SPIEËLBEELDE* – saamgestel deur Linda Bredenkamp**

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR TWEE VAN DIE KORTVERHALE.**
(**Beantwoord** 7.1 OF 7.2 **[18 punte elk] EN** 7.3 OF 7.4 **[17 punte elk]** Jy móét EEN kortverhaal van 18 punte en EEN kortverhaal van 17 punte doen.)

### 7.1 *DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE* – Deon Meyer

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

Na een in die oggend. My kop verstrengel in die syfertabelle op die rekenaar, soekend na bevestiging van wins. Onoortuig deur die somtotale, versigtig vir die verleidende lugspieëling van begeerte en hoop.

My selfoon langs die sleutelbord, die skerm wat meteens verlig, daardie breukdeel voor dit lui, die klank skril en skerp in die stilte. Ek sien sy naam. Dit is laat, selfs vir hom.

Ek antwoord.

***

Voor ek Amersfoort toe ry, doen ek eers nog leeswerk op die Internet. ’n Nuwe wêreld gaan vir my oop. Ek herkou daaraan, verteer dit langsaam, verby Balfour, Standerton en Morgenzon. Die Hoëveld se somerskoonheid, die groen grasvlaktes, die klosse bloekom- en populierbome bied geen bekoring nie, my gemoed is swart.

Ek ry deur die dorp se strate, soekend, sonder plan.
Anderkant die Koos du Plooy-drankwinkel en Muhammed’s Cash Store, sien ek die wit en rooi spiraal van ’n haarkapper: *Corrie Jordaan. Men’s Barber.*

Ek word gegroet met die onderdrukte nuuskierigheid vir ’n vreemdeling. Hy is al tien jaar verby aftree-ouderdom. “Oom Corrie,“ sê hy en hou ’n benerige hand na my uit. In die wagarea sit twee ander, beplooide pensioenarisse. Die een het ’n koerant op sy skoot. Die plek ruik na haar-olie en soet naskeer.

© SACAI KOPIEREG

| |
|---|
| "Ry jy net deur?"<br>"Ja," sê ek.<br>"Hare sny?" Met waterige blou oë wat skepties na my kapsel kyk, asof hy nie veel sal kan red nie. |

7.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 (a) tot 7.1.1 (d)) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

| | | |
|---|---|---|
| spannings | romantiese | eerstepersoons |
| derdepersoons | uiterlike | innerlike |
| Robbie van die dak afstamp | steeds finansiële voordeel uit Robbie trek | |

Die ballade van Robbie de Wee is ’n (a) …-verhaal. Die verteller is ’n (b) …-verteller. Len ervaar (c) … konflik as hy besluit om Robbie te beskerm. Die verrassingselement in die verhaal is wanneer Len (d) … . (4)

7.1.2 "Die ballade van Robbie de Wee" (Titel)

Verduidelik hoe die titel van die kortverhaal aandui wat ons in die verhaal kan verwag. (1)

7.1.3 Die verhaal begin met Robbie se telefoonoproep na Len.

a) Hoekom het Robbie vir Len gebel? (1)

b) Wat het Len aan die einde van die gesprek besluit om te doen? (1)

7.1.4 In hierdie verhaal word die konvensionele volgorde van die verhaalstruktuur omgekeer aangesien die eksposisie eers ná die motoriese moment volg.

a) Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

b) Waarom, dink jy, het die skrywer die volgorde van die verhaal op hierdie manier aangebied? (1)

7.1.5 Waarom is hierdie besoek van Len aan Amersfoort onaangenaam? Gee TWEE feite. (2)

7.1.6 Len dink dat Robbie dalk betrokke was by die vermiste vroue. Hoe word Len se gedagtes bevestig? (1)

© SACAI KOPIEREG

7.1.7 Len se eie karakter is twyfelagtig. Dit het hom gehelp om nie maklik bedrieg te word nie? Beantwoord die vraag deur DRIE feite oor Len se verlede as musiekpromotor te gee. (3)

7.1.8 Waarom voel jy nie juis jammer vir Len oor die dilemma waarin hy homself met Robbie bevind nie? Gee TWEE feite. (2)

7.1.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Robbie kon met (sy ma / die polisie) gesels het oor wat hy as kind deurgemaak het. (1)

**OF**

## 7.2 *’n HULPELOSE SAMARITAAN* – T.T. Cloete

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

Hans staan voor ’n nare keuse. Hy oorweeg verskeie moontlikhede. Die man moet in elk geval versorg word.

“Dit is goeie honde. Hulle gaan jou byt. As ek eers my honde huis toe vat en jou dan kom haal ...”

“Jou honde,” sê die man. “As jy vir jou honde gaan sorg, is ek lankal dood van die koue en pyn. Jy wil my nie help nie ...”

“Hoe kan ek my honde hier iewers vasmaak? As ek hulle kon vasmaak, kon ek jou opgelaai het om hulp te gaan soek en hulle later kom haal het. Hier is bowendien geen boom om hulle aan vas te maak nie. Ek sou hulle nie aan draadpale langs die pad kon vasmaak nie, hulle sal in die doringdrade verstrik raak, verwurg ... Hulle is duur, opregte honde. Hulle kan gesteel word.”

“Jou honde ...”

Hans wou nog iets sê, toe besluit hy al in stilte:

“Ek weet ek moet kies. Ek kies jou,” sê hy asof hy met homself praat.

***

Die insig voel vir Hans na ’n morele triomf.

Hans voel hy is sonder verdere argument aan die verloorkant, vas. Het hy dan iets verkeerds gedoen? Hy weet nie wat nie.

> “Ek sal betaal as dit is soos jy sê. Ek kom môre na jou plaas toe en dan bekyk ons die saak, beduie my net waar jy woon.”
>
> “Natuurlik sal jy betaal.” Die man is aggressief, brutaal.
>
> Byna het hy die groot vraag vergeet ...

7.2.1 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Hans ry stadig sodat sy honde agter sy motor kan hardloop.
- ’n Groot swart motor ry ’n dronk fietsryer raak.
- ’n Skaapboer eis vergoeding van Hans vir sy skape wat dood is.
- Die dronk fietsryer word lelik gevloek. (4)

7.2.2 Hans besef dadelik dat die fietsryer te veel gedrink het.

Watter verduideliking het die fietsryer vir sy dronkheid aan Hans gegee? Gee TWEE feite. (2)

7.2.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

“Ek weet ek moet kies. Ek kies jou,” (Reël 15)

Wanneer Hans besluit om die fietsryer te help, is dit die (klimaks / motoriese moment). (1)

7.2.4 “Die insig voel vir Hans na ’n morele triomf.” (Reël 16)

Hans voel dat hy ’n “morele triomf” met sy keuse bereik het. Verduidelik wat Hans hiermee bedoel. (1)

7.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.2.5) neer.

Die boer het vir Hans gesê dat die honde sy ... doodgebyt het.

A koeie

B skape

C beeste

D kampioen ooi (1)

7.2.6 a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die ou man het deur (oorreding/manipulasie/stereotipering) Hans se hulp gekry. (1)

b) Motiveer jou antwoord in VRAAG 7.2.6.a) (1)

7.2.7 "Hans voel hy is sonder verdere argument aan die verloorkant, vas." (Reëls 17 en 18)

Noem TWEE dinge wat Hans wel verloor het. (2)

7.2.8 Hoe beskryf die verteller die boer, in teenstelling met Hans? Jy moet in jou antwoord na die boer en Hans verwys. (2)

7.2.9 Sou jy sê dat Hans 'n tipiese Bybelse Samaritaan was? Motiveer jou antwoord. (1)

7.2.10 As jy tussen jou honde en 'n hulpelose vreemdeling moes kies, wat sou jy kies? Motiveer jou antwoord. (1)

7.2.11 Die skrywer impliseer dat die boer se vrou die fietsryer raakgery het. Gee EEN rede daarvoor. (1)

**EN**

## 7.3 *ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN* – Margaret Bakkes

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

… wêreld waarin hy so volkome tuis gevoel het. En daar was die baie vrae: Wie was hy? Wat was waarheid en wat was leuen? Wat was die sin van sy jaar op Kimberley en sy jaar in die Caprivi? Wat was die sin van sy studie en die sin van natuurbewaring in hierdie vernielde land? Wat was die sin van sy lewe, sy liefde?

***

Sy broer het hom die advertensie gewys. Hy het al sy papiere en getuigskrifte laat waarmerk en aansoek gedoen, sonder veel optimisme. 'n Mens kry nie sommer werk in die wildtuin nie, veral nie met 'n mank been nie, al is hy hoe sterk.

Hy moes vir 'n onderhoud kom, het hulle laat weet. En toe hy by die kantoor uitstap, kon hy dit beswaarlik glo; hy is vir 'n proeftydperk van ses maande aangestel as staptoerveldwagter.

Hy moes olifante skiet wat met helikopters op hom afgejaag word. Hy moes leer by ervare staptoerveldwagters. Hy moes deur 'n malaria-aanval worstel. Hy moes bereid wees om 'n streng gedragskode stip na te kom.

| |
|---|
| En toe, twee dae gelede, het hy die brief gekry. Hy het die toets deurstaan en is permanent aangestel. Hy sou sy eie staptoerroete kry, sy eie blyplek, sy vier mure teen die suidewind. Die woestynjare is verby. En eendag, wie weet, dalk vroeër as later, sou daar weer 'n … |

7.3.1 "… wêreld waarin hy so volkome tuis gevoel het." (Reël 1)

a) In watter wêreld het die hoofkarakter homself tuis gevoel? (1)

b) Wat het vroeg in die jongman se matriekjaar met hom gebeur? (1)

c) Watter gevolge het hierdie gebeurtenis op die jongman se lewe gehad? (1)

7.3.2 a) Motiveer waarom die stelling ONWAAR is.

Jaap het nie sy vriend se wens, om uit die stad te kom, verstaan nie. (1)

b) Hoe het die jongman se pa ook gewys dat hy sy seun verstaan? (1)

7.3.3 "Wat was die sin van sy lewe, sy liefde?" (Reëls 4 en 5)

a) Gee 'n rede waarom ELK van die jongman se TWEE vorige meisies hom gelos het. (2)

b) Wat was sy universiteitsliefde se naam? (1)

7.3.4 "En daar was die baie vrae: Wie was hy? Wat was waarheid en wat was leuen?" (Reëls 1 en 2)

a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die maande nadat die jongman uit die Caprivi teruggekom het, het hy sleg geslaap. Hy het hom bekommer oor (of sy passie vir die natuur die moeite werd is / of hy ooit weer werk sou kry). (1)

b) Bespreek die ironie daarvan dat die jongman nou, aan die einde van die verhaal, weer nie kan slaap nie. (2)

7.3.5 "Sy broer het hom die advertensie gewys. Hy het al sy papiere en getuigskrifte laat waarmerk en aansoek gedoen, sonder veel optimisme." (Reëls 6 en 7)

Die wildtuin het 'n veldwagter nodig gehad en die hoofkarakter het aansoek gedoen. Hoe het hierdie werk by sy persoonlikheid gepas? (1)

7.3.6 "… sy vier mure teen die suidewind." (Reël 18)

Verduidelik wat hierdie metafoor beteken. (1)

7.3.7 "Die woestynjare is verby." (Reël 18)

a) Bespreek die denotatiewe betekenis van "woestynjare". (1)

b) Bespreek die konotatiewe betekenis van "woestynjare" binne die konteks van die kortverhaal. (1)

7.3.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3.8) neer.

Alles wat in die jongman se verlede gebeur het, het nie meer seergemaak nie omdat hy ...

A nou gelukkig is in sy werk.

B niemand meer vertrou het nie.

C te moeg is om aan die verlede te dink.

D gewoond is daaraan dat mense hom altyd teleurstel. (1)

7.3.9 "Roep van die vleikuiken" (Titel)

Die titel van hierdie kortverhaal het 'n simboliese betekenis. Wat simboliseer die roep van die vleikuiken vir die jongman? (1)

**OF**

© SACAI KOPIEREG

## 7.4 *DIE VLEK* – Piet Nell

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Iets moet gedoen word. Die staatspresident kan nie aan sulke gevare blootgestel word nie. Die oorsaak van al die boosheid, daardie kleurvlek, moet gevind word. Miskien is die rooies weer aan die konkel, of dalk die regses, hulle wil altyd onrus stook, gemene komplotte smee. Moontlik is dit ’n aanval uit die ruimte, meen iemand. Almal krap kop, maar die groot vraag: hoe keer ’n mens die ellendige ding? bly onbeantwoord.

Henry staar voor hom uit; hy voel al meer oortuig dat die vlek iets te doen het met sy vermoë om te kan sien. Dalk alles. En dan kan die vlek mos nie sleg wees nie. Miskien moet hy tog daai prof in sielkunde bel. Hulle het gesê enigiemand wat iets weet wat moontlik kan help … Daardie nag slaap hy onrustig.

***

Verkeerskonstabel Harms is so oorwerk dat hy nooit tyd het vir nuusuitsendings nie en vergaderings is vir die versamelvoëls. Koerante deug net vir een ding en dis die komposhoop, wondere wat die drukkersink vir die koolplante doen. Hy ken sy werk, niemand kan hom iets van verkeer vertel nie. Hy voel-voel aan sy pistoolsak, geen verkeersman kan dit meer op straat waag sonder ’n vuurwapen nie, dis net skakings en roof waar jy jou draai. Verkeerskonstabel Harms frons kwaai toe verskeie motors hul remme aanslaan, ’n ambulans met sketterende sirene in hulle vasjaag en voetgangers in hul spore vassteek.

7.4.1 Waarna verwys “rooies” in reël 3? (1)

7.4.2 Waar is die vlek die eerste keer gesien? (1)

7.4.3 Die vlek het verskyn.
Wat was die gevolg hiervan vir Henry? (1)

7.4.4 "Almal krap kop …" (Reël 5)

a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde word (konnotatief/denotatief) gebruik. (1)

b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.4.4 a). (1)

7.4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4.5) neer.

Die doel van hierdie kortverhaal is om ons te laat nadink oor ons … die onbekende.

A vrees vir

B gevoel vir

C bewondering vir

D belangstelling in (1)

7.4.6 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die regte VOLGORDE neer.

- Henry vat Aiku se leerband terwyl sy grom.
- Aiku se leiband val amper soos iemand aan Henry stamp.
- Aiku is beskermend teenoor Henry en sy wil hom grommend beskerm.
- Verkeerskonstabel Harms berispe vir Henry omdat hy die pad te stadig oorsteek. (4)

7.4.7 Wetenskaplikes het die vlek deeglik bestudeer.

Waaruit kan ons aflei dat die feit nie KORREK is nie? (1)

7.4.8 Waarom kan ons sê dat Henry innerlike konflik beleef het ná die verskyning van die vlek? (2)

7.4.9 "… met sketterende sirene in hulle vasjaag." (Reëls 19 en 20)

a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"sketterende sirene" is 'n voorbeeld van (klanknabootsing/hiperbool). (1)

b) Gee TWEE redes waarom hierdie stylfiguur gepas is binne die konteks van die hele verhaal. (2)

c) Hoe, dink jy, gaan die slot van die kortverhaal die mense verder beïnvloed? (1)

**TOTAAL VRAAG 7: [35]**

**TOTAAL AFDELING C: [35]**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord **TWEE** gedigte uit hierdie afdeling indien jy gedigte behandel het.

**VRAAG 8:**

***VERSKUNS* – vir Eerste Addisionele Taal Graad 12 – saamgestel deur Riens Vosloo**

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR TWEE VAN DIE GEDIGTE.**

(**Beantwoord** 8.1 OF 8.2 **[18 punte elk] EN** 8.3 OF 8.4 **[17 punte elk].** Jy moet EEN gedig van 18 punte en EEN gedig van 17 punte doen.)

### 8.1 ***EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE* – H.A. Fagan**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Ek het 'n huisie by die see**

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag
Ek hoor die winde huil - 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan -
Dit is 'n rots waarop my huisie staan

*[Bron aangepas uit: Soos die windjie wat suis en ander gedigte. Nasionale Pers, 1949]*

8.1.1 Watter tipe verteller kom in die gedig voor? (1)

8.1.2 Waar vind die gebeure in die gedig plaas? (1)

8.1.3 Hierdie gedig is ’n voorbeeld van intertekstualiteit.
Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.1.4 Lees weer versreël 1.
Waarom is daar twee volsinne in die versreël? (1)

8.1.5 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (8.1.5 (a) tot 8.1.5 (c)) neer.

Hierdie gedig bestaan uit drie dele. Eerste word die (a) … waarin die spreker hom bevind beskryf. Daarna word die (b) … van die spreker se huis aan die binnekant beskryf. Aan die einde besef ons die spreker voel (c) … . (3)

8.1.6 Gee TWEE moontlike redes waarom die digter die verkleiningsvorm in die titel van die gedig gebruik. (2)

8.1.7 “Ek hoor die winde huil - ’n kreun, ’n klag.” (Versreël 5)

a) Benoem die beeldspraak in die versreël. (1)

b) Verduidelik wat die beeldspraak beteken. (1)

8.1.8 Watter sintuig oorheers in strofe 1? (1)

8.1.9 Kies die letterkundige term in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (8.1.9 (a) tot 8.1.9 (d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Kontras | A “… hoe loei die storm daar buite, … hierbinne is die veilig …” (Versreël 10 en 12) |
| (b) Alliterasie | B “soos van verlore siele …” (Versreël 6) |
| (c) Assonansie | C “Ek het ’n huisie by die see” (Versreël 1) |
| (d) Vergelyking | D “… maar nog soek en smag” (Versreël 8) |
| | E “… aaneen, aaneen die golwe slaan …” (Versreël 2) |

(4x1)(4)

8.1.10 Watter boodskap dra die slotkoeplet aan ons oor? (1)

8.1.11 Dink jy die metafoor wat die gedig voorstel, is relevant in ons almal se lewens? (1)

**OF**

## 8.2 *SPROEIREËN* – D.J. Opperman

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Sproeireën**

My nooi is in ’n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar’s iemand … iemand in anys,
daar’s ’n vrou in elke geur!

As ek ’n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat ’n vrou kan troos.

O my nooi is in ’n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar’s iemand … iemand in anys,
daar’s ’n vrou in elke geur!

*[Bron aangepas uit: Versamelde poësie. Human & Rousseau, 1987]*

8.2.1 Wie is die spreker in hierdie gedig? (1)

8.2.2 Noem DRIE aangename reuke wat die spreker met vroue assosieer. (3)

8.2.3 Lees versreël 1.

a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

“My nooi is in ’n nartjie” word hier (denotatief/konnotatief) gebruik. (1)

b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.3 a). (1)

8.2.4 Motiveer waarom die stelling ONWAAR is.

Die gehoorsintuig speel ’n belangrike rol in die gedig. (1)

8.2.5 Watter TWEE tegnieke gebruik die digter in strofe 2 om sy mooi jeugherinneringe aan die nartjieboorde in Natal uit te beeld? (2)

8.2.6 Lees strofe 3.

a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Strofe 3 begin met “O” wat op (progressie/regressie) in die gedig dui. (1)

b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.6 a). (1)

8.2.7 Verduidelik waarom die gedig siklies is. (2)

8.2.8 Hoekom word die onbepaalde voornaamwoord “iemand” in versreël 14 herhaal? (1)

8.2.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.9) neer.

Die funksie van die elisie in “daar’s” in versreël 15 is om …

A die ritme vinniger te maak.
B ’n idee te beklemtoon.
C die reël te laat vloei.
D die leser te skok. (1)

8.2.10 “daar’s ’n vrou in elke geur!” (Versreël 15)

Volgens die spreker deel vroue ’n universele eienskap, naamlik dat almal lekker ruik.
Waarom, dink jy, is dit nie werklik so nie? (1)

8.2.11 Waarom, dink jy, is dit belangrik dat daar aan vroue in gedigte hulde en eer gebring word? (1)

8.2.12 Waarom het die spreker ’n uitroepteken aan die einde van versreël 15 geplaas? (1)

**8.3 *PRYSLIED* – Antjie Krog**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**pryslied**

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
          uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings
hier staan hy
uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

’n klein swart ster priem sy bolip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
          van ’n verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede
vrede, die ma van groot nasies

*[Bron aangepas uit: Gedigte1989-1995. Human & Rousseau, 2005.]*

8.3.1 Waarna verwys "sandkliphart" in versreël 1? (1)

8.3.2 "vandag" (Versreël 2)

a) Benoem die stylfiguur in dié versreël. (1)

b) Wat wou die digter beklemtoon deur die gebruik van die stylfiguur? (1)

8.3.3 Verduidelik die progressie in versreël 5. (1)

8.3.4 Hoe weet ons dat Nelson Mandela se ma belangrik was?

Noem TWEE dinge. (2)

8.3.5 "'n klein swart ster priem sy bolip" (Versreël 15)

a) Wat is die DENOTATIEWE betekenis van die versreël? (1)

b) Wat is die KONNOTATIEWE betekenis van die versreël? (1)

8.3.6 Die hele land loof Nelson Madela in die pryslied.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

8.3.7 Voltooi die volgende sinne feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (8.3.7 (a) tot 8.3.7 (c)) neer.

'n Pryslied is klankryk omdat dit liries is. Die ritme in die gedig word deur (a) … en (b) … ondersteun. Die herhaling van (c) … skep ook 'n eenheid en verleen ritme aan die gedig. (3)

8.3.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.3.8) neer.

"hy wat nie lag nie en ook nie huil nie" (Versreël 20) beteken dat …

A apartheid hom baie ongelukkig gemaak het.

B hy in 'n ernstige situasie was wat nie snaaks was nie.

C sy geaardheid gelykmatig was en hy kon kop hou in moeilike situasies.

D hy geen emosie getoon het nie sodat sy vyande nooit kon weet hoe hy voel nie. (1)

8.3.9 Verduidelik hoe "pimpernel" in versreël 19 in kontras staan teenoor "staan hy" in versreël 3. (2)

8.3.10 Waarom, dink jy, is vrede belangrik in die gedig? (1)

8.3.11 Watter les kan jy leer uit die gedig? (1)

**OF**

## 8.4 *WETENSKAPMANNETJIES* – Antjie Krog

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Wetenskapmannetjies**

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan die ligjare
en vertel dat die son as’t ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

daarom, liewe menere, teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%
want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
ek kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring eensaamheid
wat geen mens kan keer.

*[Bron aangepas uit: Dogter van Jefta, Human & Rousseau, 1970]*

8.4.1 “Julle” (versreël 1) en “Ons” (Versreël 7)
Na wie verwys die twee groepe mense? (2)

8.4.2 VOLTOOI die sin hieronder.
’n Voorbeeld van litotes kom voor in die … . (1)

8.4.3 Watter sintuig word die meeste in die gedig gebruik? (1)

© SACAI KOPIEREG

8.4.4 “Pateties bepaal julle dan ligjare” (Versreël 4)

a) Watter stylfiguur kom in dié versreël voor? (1)

b) Wat kan ons aflei uit die versreël rakende die spreker se houding? (1)

8.4.5 Dink aan die tema van die gedig.

a) Gee EEN woord uit die gedig wat vir ons sê dat die spreker nie wetenskap geheel uit sy/haar lewe wil hê nie. (1)

b) Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die klawertjies wat ’n simbool van geluk is, is ironies omdat (dit geen geluk vir die spreker bring nie / die spreker wetenskap druip, maar daar is ander dinge wat geluk bring). (1)

8.4.6 Lees weer strofe 2.

a) Watter progressie word waargeneem? (1)

b) Hoe word hierdie progressie beklemtoon?
Noem TWEE maniere. (2)

c) Hoe verskil die intensie waarmee die son waargeneem word van die spreker en die wetenskaplikes? (2)

8.4.7 Motiveer waarom die stelling WAAR is.

Daar is ’n ooreenkoms tussen die spreker en die korhaan (Versreël 16). (1)

8.4.8 Wat noem ons die herhaling van die voegwoord soos in versreëls 8 tot 12? (1)

8.4.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.4.9) neer.

Die funksie van die enjambement in die gedig is …

A om die gedig as eenheid saam te bind.

B om die emosies van die spreker aan die leser oor te dra.

C om die gejaagdheid van die wetenskaplikes te beklemtoon.

D om aan te dui dat die wêreld baie vinnig verander weens wetenskap en tegnologie. (1)

8.4.10 Dink jy die spreker is regverdig teenoor die wetenskaplikes? (1)

**TOTAAL VRAAG 8: [35]**

**TOTAAL AFDELING D: [35]**

**GROOTTOTAAL: [70]**